

Redaksioneel

Louise Viljoen

Hierdie nommer van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, sowel as die volgende een, word opgedra aan proff Dorothea van Zyl en Ronel Foster, wat beide aan die einde van 2014 uittree as mede-professore in die Departement Afrikaans en Nederlands by die Universiteit van Stellenbosch. Beide hierdie akademici het hulle in die loop van hulle lang en vrugbare loopbane onderskei deur hulle navorsing oor en betrokkenheid by die Afrikaanse en die Nederlandse letterkunde; beide kollegas het ook noue bande met die *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*. Vakgenote, kollegas, oud-kollegas en oud-studente het bygedra tot hierdie twee nommers van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* om hulle te huldig.

Dorothea van Zyl het haar in 1982 by die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch aangesluit nadat sy vanaf 1973 by verskillende Suid-Afrikaanse universiteite doseer het. As dosent het sy haar toegelê op die gebiede van die Afrikaanse prosa en drama, die Nederlandse letterkunde, die retorika en Afrikaans in die media. As navorser het sy veral erkenning gekry vir haar werk oor die Afrikaanse prosa (beide die kortverhaal en die roman), die Afrikaanse drama, die Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur, die moderne Nederlandse poësie en prosa, die retorika, die mediakunde en literêre feeste. Sy het ook 'n belangrike bydrae gelewer tot die uitbou van bande met Nederland deur haar betrokkenheid by die oprigting en later ook voorsitterskap van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek, die reël van opleidingskursusse vir dosente en senior studente in Nederland, die vestiging van 'n MA-kursus met studie in die buiteland in die Departement Afrikaans en Nederlands aan die US, die skakeling met Nederlandse universiteite om samewerkingsooreenkomste te sluit en die onderhandeling met befondsingsliggame om studiebeurse vir Suid-Afrikaanse studente in Nederland te beding. Vanaf 2000 het Dorothea haarself onderskei as Direkteur van die Woordfees wat ongekeende hoogtes bereik het binne die feeslandskap in Suid-Afrika.

Op haar beurt is Ronel Foster sedert 1987 lid van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die US nadat sy vroeër poste in die onderwys en uitgewerswese beklee het. As dosent het sy haar veral toegelê op die Afrikaanse poësie en prosa, die Nederlandse poësie en prosa en die Literatuurwetenskap, en het sy ook modules in resensiekunde en vergelykende poësiestudie in die Departement ontwikkel. As navorser is sy veral bekend vir haar proefskrif en artikels oor die postmodernistiese poësie, die historiografiese metafiksie en metapoësie, antologisering en kanonisering sowel as haar bydraes tot die vergelykende poësiestudie. In hierdie verband het sy in 2003 'n navorsingsprojek,

getitel “’n Vergelykende studie van die Afrikaanse, Nederlandse en Vlaamse letterkundes”, geïnsieer en samewerkingsooreenkomste gesluit met Anne-Marie Musschoot en Yves T’sjoen in Vlaandere en Thomas Vaessens in Nederland. Uit hierdie samewerking het twee boekpublikasies gespruit, *Over grenzen / Oor grense* (2009) en *Toenadering* (2012), waartoe akademiëci uit Suid-Afrika, Nederland en Vlaandere bygedra het. Hierdeur het sy ’n belangrike bydrae gelewer tot die vergelykende literatuurstudie en die verstewiging van kontakte met Nederland en Vlaandere. Artikels uit hierdie twee boeke is ook as artikels in twee nommers van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, en wel onder redaksie van Ronel, gepubliseer. Sy is ook die samesteller van twee antologieë, *Poskaarte. Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960* (1997, saam met Louise Viljoen) en *Nuwe stemme 4* (2010, saam met Danie Marais). Haar digbundel, *Skoop. ’n Woordverwerkingspeletjie vir die beginner* (onder die skrywersnaam Ronel de Goede), is in 1993 gepubliseer en in die daaropvolgende jaar bekroon met die Eugène Maraisprys vir debuutwerke en ook benoem vir die CNA-prys vir letterkunde.

Die bydraes in hierdie nommer handel oor die Nederlandse letterkunde of die Nederlandse wêreld en bevat bydraes van sowel Nederlandse as Suid-Afrikaanse kollegas van die twee vereerdes. Die eerste bydrae is ’n drietal gedigte deur Hennie van Coller wat inspeel op beide die Afrikaanse en die Nederlandse literêre tradisies. Die akademiese bydraes is losweg in chronologiese volgorde gerangskik, met besprekings van die vroegste tekste eerste en die mees resente tekste laaste. Sommige van die bydraes het ’n vergelykende inslag, terwyl ander fokus op ’n enkele skrywer of enkele teks. Verskillende teoretiese benaderings word gevolg sodat die artikels ’n refleksie is van die ryk verskeidenheid van benaderings in sowel die Afrikaanse as die Nederlandse literatuurstudie. In die eerste bydrae vergelyk Eep Francken verskillende tekste oor Jan van Riebeeck, eerste kommandeur aan die Kaap, met mekaar, naamlik ’n gedig van Ronelda Kamfer uit haar bundel *Santenkraam* (in Afrikaans gepubliseer as *grond/Santekraam* in 2011), ’n verhaal oor Jan van Riebeeck wat in 1952 deur die stripkunstenaar Pieter Kuhn in die gewilde *Kapitein Rob*-reeks gepubliseer is en die *Dagregister* wat Jan van Riebeeck tydens sy verblyf aan die Kaap bygehou het. Siegfried Huigen se bydrae handel oor die outobiografiese dele in François Valentyn se besonder omvangryke vyfdelige naslaanwerk bestaande uit meer as 5000 bladsye en 1200 plate, *Oud en Nieuw Oost-Indiën*, wat vanaf 1724 tot 1726 verskyn het en vir eeue lank ’n belangrike bron van inligting oor hierdie gebiede was. Steward van Wyk se bydrae vergelyk die representasie van slawerny in die Surinaamse skrywer Cynthia McLeod se roman *Hoe duur was de suiker?* wat handel oor slawerny in die periode 1765 tot 1779 in

Paramaribo met die Suid-Afrikaanse skrywer André Brink se roman *Philida* wat fokus op 'n slavin wat in die tyd kort voor die vrystelling van slawe in 1834 op 'n plaas in die Franschoek-omgewing woonagtig was. Hierna volg Geert Buelens se artikel waarin hy ondersoek instel na die gedigte wat die Vlaamse *minor poet*, Marcel Breyne, geskryf het as krygsgevangene in Duitsland tydens die Eerste Wêreldoorlog. Die artikel toon hoedat Breyne se skakels met Suid-Afrika en sy belangstelling in Afrikanerkultuur sy Vlaamse nasionalisme versterk het.

Die nommer sluit af met twee artikels deur Afrikaanstalige akademici oor Nederlandse tekste. Hein Viljoen se artikel is 'n analise van die gedig “Goya als hond” uit die gelyknamige bundel uit 1999 van die Vlaamse digter Stefan Hertmans. Hy lees die gedig as 'n voorbeeld van die “hermeneutiek van verdrinking” waardeur die leser 'n begrip kan ontwikkel van Hertmans se worsteling met die ondeurdringbare grens van menslike beperkinge, iets wat aanleiding gee tot 'n “melancholie” wat die vitale dryfkrag van die poësie is. Heilna du Plooy se artikel oor die narratiewe koherensie in bepaalde siklusse en gedigreekse uit die bundels *Het stuwmeer* (2004) en *Die hofreis* (2009) van die Nederlandse digter Willem van Toorn sluit aan by haar werk oor die rol van die narratief in die poësie. Haar ondersoek na die wyse waarop die gebruik van narratiewe elemente die liriese kwaliteit van die siklusse en gedigreekse versterk, word aangevul met 'n besinning oor ruimtelikheid in Van Toorn se poësie sowel as sy onderskeid tussen landskap en natuur.

Met hierdie artikels wil ons twee kollegas wat elk op hulle besondere manier 'n reusebydrae tot die studie van die Afrikaanse en die Nederlandse letterkundes gemaak het huldig en hulle alles van die beste vir die toekoms toewens.

Universiteit van Stellenbosch